

Publication: Burger,Die(Oos-Kaap) (Sport)
Publication Date: 08 Feb 2018
Page: 15

AVE: 9006.92
Circulation: 7783
Part: 1 of 1



# Jong Mlenga pak Jobodwana in 200

**Wim Pretorius**

Anaso Jobodwana, die voormalige Suid-Afrikaanse rekordhouer in die 200 m, sal 2017 se o.18-wêreldkampioen in dié item pak in die eerste ronde van Atletiek Suid-Afrika (ASA) se nuwe Grand Prix-reeks in Maart in Roodepoort.

Jobodwana was die eerste plaaslike atleet wat die 200 in onder 20 sekondes afgelê het.

Sy tyd van 19.87 by die Wêreldbyeenkoms in 2015 het hom 'n bronsmedalje in die sak gebring. Dit was ook 'n Suid-Afrikaanse rekord totdat Wayde van Niekerk dit verlede jaar na 19.84 verbeter het.

Hy sal Saskok ook 'n ding of twee wil wys nadat hy uit die aanvanklike groep gelaat is om na die Statebondspele te reis, wat in April in Australië se Goudkus gehou word.

Nadat hy in 2017 met sy peil gesukkel het, het hy einde verlede jaar met mening teruggekeer toe hy vir die 100 by die Statebondspele gekwalifiseer het.

Die 200 is egter sy gunstelingitem en 'n blitstyd in die Ruimsig-stadion kan Saskok dalk net oortuig om vir hom plek in die SA span te vind.

Jobodwana beoog ook om die 100 in onder tien sekondes te hardloop – 'n prestasie wat hom sover nog ontwyk het, maar beslis nie buite sy bereik is nie.

"Ek weet dat wanneer ek deur die tiensekonde-kerf gaan breek, sal ek maklik op my beste tyd in die 200 kan verbeter en weer die nasionale rekordhouer word," het Jobodwana in 'n verklaring gesê.

"Om by die eerste Grand Prix-byeenkoms aan die 200 deel te neem, pas mooi in by my plan om my peil te herwin.


"Ek sien daarna uit om by Ruimsig te hardloop en te sien wie langs my in die blokke sal sak."

Een van sy teenstanders gaan die belowende 17-jarige naelloper Retshidisitswe Mlenga wees. Mlenga het verlede jaar Suid-Afrika se naam hoog gehou toe hy die 200 by die o.18-Wêreldbyeenkoms in Nairobi, Kenia, gewen het. Hy het ook die silwer in die 100 verower.

Vir Mlenga sal dit ook goed wees om hom teen een van die beste senior atlete te toets. "Kenia was 'n belewenis. Om die titel te kon wen, het my baie selfvertroue gegee," sê Mlenga.

"Nou word ek genooi om teen Jobodwana te hardloop, iemand wie ek al jare lank bewonder. Dit voel asof ek tot 'n volgende vlak gevorder het."

Die Grand Prix-reeks begin op 1 Maart, met die tweede ronde op 8 Maart by Tuks se L.C. de Villiers-stadion. Dit loop op 22 Maart in die Dal Josaphat-stadion in die Paarl ten einde.



Anaso Jobodwana

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.